BELEGGINGS • AFTREEBEPLANNING • BUITELANDSE BELEGGINGS
BELASTING BEPLANNING • BOEDELBEPLANNING • LEWENSVERSEKERING

BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH



MAAND IN OORSIG | MAART 2022

# PLAASLIKE MARKTE
## - RAND ONGEDEERD ONDANKS MARKSOMMELINGE

**Die rand, wat gewoonlik swakker vaar wanneer marksentiment negatief is, het in die eerste kwartaal van die jaar goed vertoon – die geldeenheid se sterktste begin vir die begin van 'n jaar vanaf 1993. Die plaaslike geldeenheid is sover ongedeerd en was die tweede beste vertoner teenoor die dollar in die kwartaal (die rand se beste kwartaal sedert die laaste drie maande van 2020) naas die real van Brasilië. Kommentators skryf die rand se stewiger vertoning toe aan die onlangse lopies in die kommoditeitsmark en die feit dat SA geografies ver weg is van die oorlog in Oos-Europa. Die rand het Maart maand op maand 6.7% sterker afgesluit – die geldeenheid se beste maand sedert Mei 2021.**

Die JSE het Maart laer afgesluit (-0.8% maand op maand), maar danksy stygings in die aandeelpryse van mynboumaatsakppye en finansiële dienstemaatskappye het dit vir die eerste kwartaal van die jaar 2.4% hoër gesluit. Thungela, mynbou en finansiële aandele het in Maart die mark gesteun, hoewel Prosus en Naspers weereens swakker gevaar het. Die Fini-15 het maand op maand 11.6% hoër gesluit (+19.5% jaar tot datum/1ste kwartaal) en die Indeks vir SA Genoteerde Eiendom, wat in Februarie swakker gesluit het, het maand op maand met 4.3% gestyg maar is steeds jaar tot datum 2% laer. Die Resi-10 het maand op maand 3.2% laer gesluit maar is jaar tot datum 15.0% hoër. Nywerheidsaandele het teleur gestel en die Indi-25 het vir die derde agtereenvolgende maand laer gesluit (-5.2% maand op maand) en staan nou op -14.3% jaar tot datum.

Thungela Resources (+33.8% maand op maand) was vir die tweede agtereenvolgende maand die beste vertoner. Die maatskappy het uitstekende jaarsyfers aangekondig wat toon dat verdienste per aandeel R66.57 was. Die beleggingshouermaatskappy African Rainbow Capital, was in die tweede plek (+32.7% maand op maand) met Alexander Forbes (+24.9% maand op maand) in die derde plek.

Impala Platinum (Implats) was die swakste vertoner in Maart en die aandeelprys van dié maatskappy het 23.4% laer teenoor Februarie gesluit. Implats is gevolg deur RCL Foods wat maand op maand 17.5% laer gesluit het. Anglo American Platinum (Amplats) was in die derdie plek (-16.4% maand op maand).



## NOG 'N NUWE WERKLOOSHEIDREKORD

Die amptelike werkloosheidsyfer het in die vierdie kwartaal van 2021 tot 35.3% gestyg – die hoogste sedert die kwartaalikse indiensnemingsverslag in 2008 van stapel gestuur is. Die aantal mense in diens het met 262 000 tot 14.5 miljoen gestyg, terwyl die aantal werkloses met 278 000 tot 7.9 miljoen gestyg het. Indiensneming in die formele sektor het met 143 000 toegeneem, terwyl indiensneming in die informele sektor met 48 000 gedaal het. Private huishoudings, maatskaplike en gemeenskapdienste het nuwe poste geskep, maar werksgeleenthede in vervaardiging en konstruksie het gedaal.

Business Day het berig dat die aantal mense wat aan die einde van 2021 werk gehad het steeds sowat 500 000 minder was as die jaar vantevore, ondanks ekonomiese groei van 5%. "Die skokkende netto resultaat is die feit dat sowat twee miljoen poste sedert die begin van die pandemie verlore is," aldus die koerant se kommentaar.

Die inflasiesyfer vir Februarie is 5.7% jaar op jaar, onveranderd teenoor Januarie. Volgens Statistiek SA is prysstygings weereens aangedryf deur stygings in die pryse van voedsel (+6.4% jaar op jaar) en vervoer (+14.3% jaar op jaar). Kleinhandelsyfers vir Januarie is jaar op jaar 7.7% hoër teenoor die aangepaste styging van 3.2% in Desember 2021. Dit is die vyfde agtereenvolgende maand wat kleinhandelverkope fluks gestyg het.

Aktiwiteit in vervaardiging het in Maart vir die derde agtereenvolgende maand verbeter, 'n aanduiding dat die oorlog in Oos-Europa nie die ekonomiese herstel van die afgelope maande ontspoor het nie. Die seisoenaangepaste Absa aankopersindeks (PMI) het Maart op 60 punte afgesluit, teenoor 58.6 in Februarie, die hoogste vlak sedert 1999, hoewel die indeks slegs 'n aanduiding is van heersende neigings, nie werklike produksievlakke nie.

Die SA Reserwebank het ná afloop van die vergadering van die Monetêre Beleidskomitee op 24 Maart die repokoers na 4.25% verhoog.

## VOERTUIGVERKOPE OORTREF VERWAGTINGE

Syfers vir die verkope van nuwe voertuie het verwagtinge in Maart weereens oortref en die hoogste vlak sedert Oktober 2019 bereik. 'n Totaal van 50 607 eenhede is verkoop, 16.5% beter as die 43 423 wat in Maart 2021 verkoop is. Syfers wat aan die einde van Maart gepubliseer is toon dat 'n totaal van 136 065 motors en handelsvoertuie in die eerste kwartaal van die jaar verkoop is, 17.9% meer as in die ooreenstemmende tydperk in 2021.

Die uitvoersyfers lyk egter nie goed nie. Dit het in Maart met 12.4% teenoor dieselfde maand verlede jaar gedaal – 39 146 in 2021 en verlede maand 34 285. Vir die eerste kwartaal is uitvoersyfers van nuwe motors 4.1% laer op 85 404. Volgens bedryfswoordvoerders het die Rusland/Oekraïne konflik die plaaslike bedryf geraak omdat logistieke probleme verbruiksvraag afgedruk het, veral in Europa – die bestemming vir die meeste SA vervaardigde voertuie.

## SLIM WENK | HOE OM MARKSKOMMELINGE AAN TE PAK

**Finansiële raadgewer by Brenthurst Stellenbosch, Ruan Breed**, beveel aan dat beleggings versigtig bestuur moet word wanneer inflasie styg, veral in die volgende 12 tot 18 maande. Die waarde van kapitaal wat in geldmarkinstrumente belê is of in kontant gehou word gaan minder word weens inflasiestygings en die opwaartse druk vir nog hoër inflasie, weens oorlog in Oos-Europa en die voortslepende impak van Covid-19.

Daar is verskeie opsies beskikbaar wat opbrengste van inflasie +3% kan lewer met ongeveer dieselfde risikovlak van geldmarkbeleggings. Dit is noodsaaklik dat hierdie beleggings oorweeg word, veral op kort tot mediumtermyn. **Kontak enige van die Brenthurst adviseurs by ons agt kantore landwyd om jou beleggings tot jou voordeel en na gelang van jou beleggingsdoelwitte te bestuur.**

# INTERNASIONALE MARKTE
## -VSA MARKTE STEWIGER, ANDER MARKTE LAER

**Nie alle internasionale markte het in Maart goed gevaar nie (MSCI Wêreldindeks was maand op maand op +2.8% maar op -5.0% vir die eerste kwartaal). In die VSA het indekse stewiger gesluit maar markte in China en Europa het laer gesluit. Hoewel internasionale markte in die laaste week van Maart fluks gestyg het danksy vredesamesprekings tussen Rusland en Oekraïne, het die optimisme weer vinnig verdwyn nadat die President van Oekraïne, Volodymyr Zelensky, gesê het hy verwag nie dat die konflik vinnig opgelos sal word nie. Die voortslepende oorlog, internasionale logistiek probleme, stygende inflasie en vrese van resessie het beleggers ontsenu. Die meeste internasionale indekse het die eerste kwartaal baie swak gevaar – die swakste sedert twee jaar gelede toe die Covid-19 pandemie skerp dalings op markte veroorsaak het.**

Markte in die VSA het ondanks die wisselvalligheid goed vertoon. Die S&P 500 het maand op maand 3.6% hoër gesluit, maar is 4.9% laer vir die eerste kwartaal van die jaar. Die Dow Jones het maand op maand 2.3% hoër gesluit (-4.6% eerste kwartaal) en die Nasdaq 3.4% hoër maand op maand (-9.1% eerste kwartaal/jaar tot datum).

Die Amerikaanse Federale Reserweraad het op 16 Maart, ná afloop van 'n vergadering van twee dae, 'n rentekoersverhoging aangekondig en ook aangedui dat nog verhogings op pad is, veral daarop gemik om stygende inflasie in toom te hou (wat nou die hoogste in 40 jaar is). Inflasie in die VSA vir Februarie staan op 7.9% jaar op jaar teenoor 7.5% jaar op jaar in Januarie, die hoogste sedert Januarie 1982.

In Duitsland het die DAX Maart maand op maand 0.3% laer gesluit (-9.3% jaar tot datum) en in Frankryk het die CAC indeks Maart onveranderd afgesluit (-6.9% jaar tot datum). Ook in Europa is inflasie nou op rekordvlakke, aangedryf deur hoër energiekoste en ook hoër pryse vir stapelvoedsel, aangesien beide Rusland en Oekraïne groot graanprodusente is. Inflasie in Frankryk staan op 4.5% jaar op jaar en is laer as die van verskeie van sy buurlande maar steeds op die hoogste vlak sedert 1980. In Italië staan inflasie op 7.0%, op 7.3% in Duitsland ('n hoogtepunt vir 30 jaar) en in Spanje is die syfer 9.8%, die hoogste in 37 jaar.

In die VK het die FTSE-100 Indeks maand op maand 0.8% hoër gesluit (+1.8% jaar tot datum) en in daardie land staan inflasie ook op die hoogste vlak in 30 jaar (6.2%), aangedryf deur stygende koste van gas en elektrisiteit en ook rekord brandstofpryse.

## INPERKINGS RAAK MARKTE IN ASIË

Sterk inperkingsmaatreëls is in Shanghai ingestel om 'n skerp toename in Covid-gevalle te probeer stuit. Die inperkings, en ook vrese dat China moontlik die Russiese inval van Oekraïne sal steun, het beleggers omgekrap en die Hang Seng in Hong Kong het die maand 3.2% laer afgesluit (-6.0% jaar tot datum). Die Shanghai saamgestelde indeks het maand op maand met 6.1% gedaal (-10.6% jaar tot datum). Sjina se amptelike aankopersindeks (PMI) het tot 49.5 punte gedaal teenoor 50.2 in Februarie. In Japan het die Nikkei maand op maand met 'n stewige 4.9% gestyg, maar jaar tot datum is dit 3.4% laer.

Oliepryse het in Maart weereens gestyg (+6.9% maand op maand) en die Brent ru-olie prys het die kwartaal 38.7% hoër afgesluit op $108 per vat. Oliepryse het die hoogte ingeskiet sedert die konflik tussen Rusland en Oekraïne uitgebreek het en streng sanksies teen Rusland ingestel is. Die VSA het egter in Maart reserwevoorraad beskikbaar gemaak wat die olieprys op die laaste dag van die maand met $6 per vat laat daal het. Die goudprys het in Maart met 1.5% gestyg (+5.9% jaar tot datum) en op $1 937.44 per ons gesluit vir die maand. Die pryse van platina en palladium het onderskeidelik maand op maand met 5.8% en 9.0% gedaal. Die prys van ystererts, wat in Februarie gedaal het, het in Maart met 12% gestyg en is nou vir die jaar tot datum 25% hoër as die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

*Bronne: Anchor Capital; Business Day; Fin24; Moneyweb*

# BRENTHURST WEALTH APP

**Jy kan nou alle Brenthurst Wealth nuus op jou slimfoon of tablet lees of met ons in verbinding tree deur die Brenthurst toep ('APP'), wat pas bekend gestel is!**

Jy kan jou portefeulje opsomming sien, kontakbesonderhede van al ons kantore en adviseurs kry, nuus rakende webinars en ons omvattende dienste lees. Om toegang tot jou portefeulje te verkry, gebruik die aansluit ('login') wat deur jou adviseur voorsien is.

**Laai dit van jou foon of tablet se winkel vir toepassings (Apple App Store of Google Play Store) af en kyk sommer vandag.**

Brenthurst Wealth op jou foon of tablet, nou beskikbaar vir aflaai.

Download on the App Store | GET IT ON Google Play




KONTAK ENIGE VAN ONS ERVARE, GEKWALIFISEERDE ADVISEURS BY ONS KANTORE LANDWYD

**- BRENTHURST IS ERKEN AS EEN VAN DIE TOP WELVAARTBESTUURDERS IN SA 2021 -**

## BRENTHURST KANTORE:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Johannesburg** | +27 (0) 11 799 8100 | **Claremont** | +27 (0) 21 100 3901 |
| **Sandton** | +27 (0) 10 035 1391 | **Bellville** | +27 (0) 21 914 9646 |
| **Pretoria** | +27 (0) 12 347 8240 | **Stellenbosch** | +27 (0) 21 882 8706 |
| **Cape Town Waterfront** | +27 (0) 21 418 1236 | **Val de Vie Estate** | +27 (0) 21 100 3901 |
| | | **Mauritius** | 00 230 5843 5215 |

## BRENTHURST SATELLIET KANTORE:

**GARDEN ROUTE | KWAZULU-NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST**

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hiedie boodskap gedeel is, is nie nood-wendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.